
## Bybelse Dissipelskap

# Doop




PAARL VALLEY baptiste kerk baptist church

**Verse om te memoriseer...**

Mattheus 28:18-20
[18]En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê:
Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
[19]Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop
hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige
Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
[20]En kyk, En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die
voleinding van die wêreld. Amen.

## Wat is “Doop”?

“Doop” is ‘n symbool van die gelowige sê identifikasie met Christus sê dood, begrafnis, & opstanding.

Daar is baie verskillende standpunte onder verskillende (godsdienste/ kerke) omtrent “doop”:

→Sommige glo dat daar geen redding is sonder die doop nie.

→Sommige doop babas.

→Ander doop net volwassenes.

→Vir sommige is die doop met water net symbolies.

→Sommige fokus op die doop met die Heilige Gees en maak dit ‘n ondervinding heeltemal afsonderlik van redding.

NB! Dit is baie belangrik om te verstaan wat die Bybel te sê het omtrent “doop”.

Die helfde van die verwysings na doop in die bybel is gevind in die Evangelies...

Jesus was gedoop...

→Maar Sy doop was anders as ‘n gelowige sê doop, omdat Jesus sê doop die begin van Sy bediening op aarde bevestig het.

Johannes die dooper het Israeliete gedoop

→Maar al het Johannes sê doop soos gelowige doop gelyk, omdat Johannes sê doop ook bekering van sondes as ‘n voor vereiste gestel het, was dit steeds anders omdat Johannes sê doop gebruik was om die mense voor te berei vir die koms van die Here Jesus Christus en die toekomstige doop met die Heilige Gees in die liggam van Christus. (Mattheus. 3:11; Markus 1:8; Lukas 3:16; Johannes 1:32-33; **Romeine 6:3; Galsiërs 3:27**)

→Toe die mense wat deur Johannes gedoop was; gehoor het dat die Messias gekom het en op die kruis gesterwe het vir hul sondes, en weer opgestaan het; het hulle hul geloof in Jesus geplaas vir hul redding en is weer gedoop, maar die keer in Jesus sê Naam (Handelinge 18:24-26 & Handelinge 19:1-5)

## Wat is “Gelowige **Doop**”?

Om “Gelowge Doop” te verstaan moet ons na die Nuwe Testament kyk as met ‘n letterlike interpretasie en vanuit ‘n *dispensasionele perspektief. Dan sal God sê Woord vir ons wys dat...

- Doop met water deur onderdompeling is net simbolies is, met die doel om ‘n openbare getuienis te wees van ‘n persoon sê redding.
- Doop met water deur onderdompeling dien ook as ‘n illustrasie van die doop wat die Heilige Gees uitvoer wanneer die gelowige in die liggam van Christus geplaas word.

> *Dispensasie...
> ‘n Bepaalde wyse waarop God die wêreld bestuur (oor net een groep mense of ‘n segment van die mensdom) om Sy doel vir die wêreld te bereik.

## Wat beteken doe woord “**Doop**”?

“Doop” is ‘n *transliterasie van die Grieks woord in die Bybel, “Baptizo”.

- “Baptizo” beteken, “om ‘n voorwerp te dompel in‘n vloeistof soos water of kleur.”
- In elke geval waar die woord “Baptizo” gebruik word in die Bybel sal dit toepaslik wees om die woord “dompel” of “onderdompel” te gebreuk in ‘n Afrikaanse vertaling van die Griekse woord.
- God het gekies om die woord “Baptizo” te gebreuk in die oorspronklike Griekse teks omdat die aksie van <u>onderdompeling</u> die geestelikke verhouding van ‘n gelowige tot Jesus Christus beskryf.

> *Transliterasie...
> Verwys na hoe ‘n woord van een taal na ‘n ander taal oorgedra word deurdat die woord foneties opgeneem word soos byvoorbeeld die Grieks woord “Baptizo” was as “baptism” in Engels opgeneem is.

## Waarvan is “**Doop**” ‘n illustrasie?

“Waterdoop”...

- Illustreer hoe’n gelowige geplaas word <u>in</u> die liggam van Christus.
  - Omdat hierdie‘n permanente verhouding is en God nie gelowiges permanent “onder die water” wou gelos het nie, het Hy in Sy oneindige wysheid ‘n tweede simbool vir ““waterdoop” gehad.
- Illustreer die <u>dood</u>, <u>begrafnis</u>, en <u>opstanding</u> van Jesus Christus.
  - As ‘n gelowige onder die water gaan, wys hy dat hy deel van die liggaam van Christus is en neem dus deel in Christus se dood en begrafnis. Wanneer die gelowige uit die water kom, illustreer dit dat hy ook deel het aan Christus sê opstanding, en verder illustreer dit dat die gelowige nou in daardie opstanding wandel met ‘n nuwe lewe.
- Dit gee die gelowige die geleentheid om nou openlik sy identiteit met Christus te verkondig.
  - As ‘n mens nie gewillig is om gedoop (onderdompel) te word nie, is dit redelik om te wonder of sy verhoudning met die Here eg is.
  - Hierdie simboliese optrede word gedoen om in die openbaar te verkondig dat wat hy met sy mond bely hy met sy hart glo.

'n Mens mag net gedoop word met water nadat jy, deur geloof, Jesus Christus as jou redder aanvaar het.

(Handelinge 2:28+41; Handelinge 8:12+36; Handelinge 10:44-48; Handelinge 18:8)

Onderdompeling is die enigeste metode/manier van doop.

Die Griekse woord vir "doop" beteken onderdompel. Dit beteken nooit om te besprinkel nie. - Die Griekse woord wat "oor te gooi" beteken is "cheo"

- Die Griekse woord wat "sprinkel" beteken is "rantidzo"
- God het die Griekse woord "Baptizo" gebruik wat beteken net "onderdompel"

Om water "oor te gooi" of te "sprinkel" vervul nie die simboliek geassosieer met "doop" nie.

## Wie behoort "gedoop" te word??

Net die wat die Here Jesus, deur geloof alleen, aangeneem het as hul persoonlikke verlosser behoort gedoop te word met water.

Dit sluit dan uit die doop van babas aangesien hulle nie volwasse genoeg is om te vertaan dat hulle sondaars is en hul geloof in die Here moet plaas vir redding nie.

⚠ Versigtigheid moet gebruik word as dit kom by de doop van jong kinders wat die Here as hul verlosser aangeneem het. Alhoewel ouer kinders oor die vermoe beskik om die evangelie te verstaan is dit soms wys om te wag voordat hul gedoop word sodat bepaal kan word of hulle die simboliek van die doop werklik verstaan. Om hulle te jonk te doop voordat hulle die simboliek kan verstaan, kan by hul verwarring veroorsaak en hulle laat dink dat die doop iets met hul redding te deon het.

## Wat is die Heilige Gees se role in "Doop"?

Waneer 'n persoon die Here Jesus aanvaar as sy redder en verlosser, sal die Heilige Gees onmiddelik daardie gelowige in die liggaam van Christus plaas, en die onderdopeling tydens doop simboliseer dit ook so.

(Romeine, 6:3-4; Romeine 8:9; 1 Korenthiërs 12:13; Galasiërs 3:27)

Die doop in die liggam van Christus vind op dieselfde tydstip as redding plaas.

✗ Dit is nie iets wat 'n gelowige later in sy lewe ondervind nie.

✗ Dit is nie 'n tweede seën nie.

NB! Die Bybel gebruik nooit die term "doop" om na die inwoning van die Heilige Gees te verwys nie.

Wanneer 'n persoon sy geloof in Jesus Christus plaas vir sy redding is daar baie dinge wat op daardie tydstip gebeur...

→God vergewe die persson al sy sonde
→God verklaar die persoon geregverdig
→Die persoon word nuut gemaak deur geestelikke wedergeboorte
→God gee aan die persoon ewige lewe
→Die Heilige Gees kom woon in daardie persoon
→Die Heilige Gees seël sy/haar redding tot die dag van wegraping of sterwe
→Die Heilige Gees "onderdompel" daardie persoon in die liggaam van Christus

# Les #6

(Motiveer jou antwoorde met 'n proefteks so vêr moontlik)

Wat is die hoofrede waarom God vir gelowiges beveel om gedoop te word?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Volgens Romeine 6:3-4, wat is die doel van doop?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

In Handelinge 8:36-37 moes die hofdienaar aan een vereiste voldoen voordat hy gedoop kon word. Wat was hierdie vereiste?

______________________________________________

______________________________________________

Hoe weet ons dat die hofdienaar nie gedoop was deur besprinkeling nie ?

Handeling 8:38-39 ______________________________________________

______________________________________________

Doop deur onderdompeling is 'n voorbeeld van wat?

______________________________________________

______________________________________________

Is die doop noodsaaklik vir redding?____________

Staaf jou antwoord met die gebuik van 'n proefteks.____________________